Laerskool Queenswood

Omsendbrief 24

11 Augustus 2011

Geagte Ouers en Voogde

HERREGISTRASIE VAN LEERDERS:
Volgens Departmentele reëls moet elke leerder in 'n skool jaarliks herregistreer. U kind/ers het vandag hul herregistrasievorms vir 2012 ontvang. Vul asseblief volledig in en stuur so gou moontlik, maar nie later as 22 Augustus 2011, terug na die skool.
Die jaarlikse ouer begrotingsvergadering, waar die skoolgelde vir 2012 vasgestel word, vind op 25 Oktober 2011 plaas. U sal daarna die finansiële ooreenkoms vir 2012 kry om te voltooi.

SKOOLGELD:
Ouers word daaraan herinner om hulle kinders se skoolgelde getrou te betaal. Die skool is afhanklik van u skoolgeld om te kan funksioneer.

LANDLOOPLIGA 4:
Eerskomende Vrydag, 12 Augustus 2011, vind die tweede Gauteng-Noord landloopliga op ons skoolgronde plaas. Neem asseblief kennis dat daar baie motors op die terrein, sowel as om die skool gaan wees. Byvoorbaat dankie aan al die ouers en leerders wat by hierdie geleentheid kom help.

OPE DAG:
Die ope dag vir graad RR - graad een vind op Woensdag, 17 Augustus 2011, om 18:00 in die skoolsaal plaas. Alle voornemende ouers is welkom om die geleentheid by te woon. Vertel asseblief vir ander ouers van ons skool en help ook só ons skool bemark.

SOPSKENKINGS:
Ons vra vir skenkings vir sop vir die ope dag op 17 Augustus 2011. Indien dit vir u moontlik sal wees om ons te help, vul asseblief onderstaande skeurstrokie in.

BOBBY VAN JAARSVELD:
Hierdie optrede vind op 19 Augustus 2011 plaas. Soos u weet is dit 'n groot fondsinsamelingsprojek vir die skool en die Klein Q's. Help ons om van hierdie aand 'n groot sukses te maak. Vertel u familie, vriende en kollegas wat nog nie kaartjies het vir die aand nie.

KASKAR:
Die kaskarwedren vind op 14 Oktober 2011 plaas. Leerders het reeds hul kaskarvorms ontvang waarmee hulle kan woeker. Soos in die verlede gaan daar weer groot pryse wees wat gewen kan word.

SKOLE PERDRY KAMPIOENSKAPPE:
Ilke Roux het verlede naweek aan die SA skole kampioenskappe deelgeneem. Sy en haar perd Scooby Joe het met die skouspring-kompetisie gewen en is die SA skole kampioene. Baie geluk met jul puik prestasie!

Vriendelike groete

……

R. LUDICK
PRINSIPAAL

==========

SOPSKENKINGS: OPE DAG 17 AUGUSTUS 2011

NAAM VAN OUER: .....

HOEVEELHEID SOP: .....

KONTAKNOMMER: .....

Punte van belang:

Herregistrasie

Skoolgeld

Landloopliga

Ope dag

Sopskenkings

Bobby van Jaarsvele

Kaskar

Perdry Kampioen